

Die Seun van die mens bepaal die inhoud van die Sabbat

Die konflik in sowel 2:19-26 as 3:1-6 gaan nie oor die Sabbat nie, maar oor die Persoon van Jesus, en die Sabbat is die slagveld vir die stryd. In die eerste konflik is Hy en sy dissipels nie op 'n rustige Sabbatsuitstap nie. Hy is saam met die dissipels op pad om die woord van die Vader te verkondig. Daarom is die verwysing na Dawid se optrede in 1 Samuel 21 wettig. In diens van die Koning verval die Sabbatswetgewing. Die Fariseërs sien Hom as 'n Israeliet wat Hom aan die wet moet hou. Hy vergelyk Homself egter met koning Dawid wat ook nou in diens van die Koning (God) moet reis. Daarom is dit geoorloof vir sy geselskap, die dissipels, om are te pluk en uit te vryf.

Later in die sinagoge gaan hierdie stryd voort. Terwyl die Fariseërs Hom dophou vir 'n geleentheid om Hom aan te kla, gaan Jesus tot die aanval oor. Die Joodse reg bepaal dat iemand wie se lewe in gevaar is wel op die Sabbat gehelp mag word. Hierdie man se lewe was nie in gevaar nie, maar die wyse waarop Jesus sy vraag aan die Fariseërs stel, is belangrik. Hy vra nie of mens op die Sabbat 'n lewe mag red of nie, maar of dit geoorloof is om op die Sabbat 'n lewe te red, of om dood te maak. Daarmee ontmasker Hy die Fariseërs. Hulle was juis op die Sabbat besig om bewyse bymekaar te maak om Hom aan te kla sodat hulle hom om die lewe kan bring. Die genesing van hierdie man staan daarom in besondere lig. Terwyl die Fariseërs hulle hande uitsteek om sy dood te soek, loop hulle hulle vas. Hierdie man wat sy hande uitsteek in afhanklikheid, word genees.

Wie of wat bepaal die wyse waarop jy jou Rusdag inrig? Is dit die Here en jou diens aan Hom, of die mens wat steeds op soek is om Hom dood te maak en sy gesag te verbreek?

Sing: Psalm 92:1

Ds BC Smit (Parys)